

HOOFSTUK 5

NAVORSER SE EGALITÊRE INTERPRETASIE VAN DIE CHRISTUS- KERK METAFOR AS HULPMIDDEL IN PASTORALE HUWELIKSTERAPIE

5.1 INLEIDING

Die doel met hierdie hoofstuk is om die bruikbaarheid van die (my) egalitêre interpretasie van die Christus-kerk metafoor vir huweliksterapie te bepaal en om te beskryf hoe die terapeutiese proses saam met Jan en Petro as egpaar verloop het. Die egalitêre interpretasie is reeds in hoofstuk 3 volledig uiteengesit en eksegeties en teologies verantwoord. Anders as by die patriargale interpretasie wat die klem eensydig plaas op die vrou se onderdanigheid, en sommige feministe wat hierdie onderdanigheid hand en tand beveg, bied die egalitêre interpretasie meer aanvaarbare moontlikheid waar man en vrou uit eerbied vir Christus vrywillig aan mekaar onderdanig en volkome gelyk is.

Die navorser glo dat hierdie interpretasie van Efesiërs 5:21-33, soos dit in hoofstuk 3 uiteengesit is, met groot vrug as hulpmiddel in 'n terapeutiese situasie aangewend kan word. Wanneer mans en vroue begelei word om hul eie huweliksverhouding te herinterpreteer in die lig van hierdie interpretasie van die Christus-kerk metafoor, kan ware verandering juis van binne plaasvind. Wanneer man en vrou in die lig van hierdie interpretasie kies om Christus se voorbeeld van selfopofferende liefde na te volg en, uit eerbied vir Christus, hulself volledig oorgee aan mekaar, is hulle gelyk en is hulle waarlik vry. Wanneer die liefde van Christus in die huweliksverhouding gestalte kry, is die belange van die huweliksmaat eerste prioriteit. Dan leef beide man en vrou nie meer vir hulself nie maar vir mekaar. Dan hoef niemand hul regte op te eis nie want niemand word verontreg nie. Man en vrou hoef nie hul andersheid en persoonlikhede prys te gee nie maar kan dit in liefde aanwend tot voordeel van mekaar en om hul eenheid te bevorder. Hulle doen dit ook nie omdat die samelewing dit verwag of omdat druk

op hulle uitgeoefen word nie. Hulle doen dit uit vrye wil omdat die liefde van Christus hulle dring en omdat die Gees van God hulle daartoe bemagtig.

Hierdie interpretasie deel ek in hoofstuk 5 in 'n terapeutiese situasie met 'n egpaar wat huweliksprobleme ervaar as gevolg van stereotiepe patriargale beskouings in verband met onderdanigheid en hoofskap. Hulle word die geleentheid gebied om nuut te kyk na hul opvattinge in die lig van God se Woord soos hulle dit nuut interpreteer. Hierdie egalitêre interpretasie word nie fundamentalisties op die egpaar afgedwing nie. Ook beskou ek nie hierdie interpretasie as die enigste waarheid nie. Daarom word die egpaar se eie interpretasies gerespekteer. Hulle het deurgaans die vryheid om te kies of en hoe hulle hul beskouings wil herinterpreteer in die lig van Efesiërs 5:21-33. Die feit dat ek 'n “not knowing”-posisie inneem, beteken egter nie dat my kennis en my interpretasie in die terapeutiese situasie ontoelaatbaar is nie. Ek vereenselwig my in hierdie opsig met Botha (1998:84-85) se benadering:

I participated in the dialogue from a ‘not-knowing position’ (Anderson & Goolishian 1992:27). In taking up this not-knowing position, the research honoured the postmodernistic requirement that all the partners in any dialogue must be equal and open to one another to genuinely attempt the co-construction of knowledge in a postmodernistic paradigm. This does not mean, however, that I was only a passive listener in the process (Dill 1996). Although attentive listening is vital in a ‘not knowing position’, I was an active participant in the dialogue. A ‘not knowing position’ implies that, although I introduced my own expertise into the dialogue, I did it in such a way that I honoured the expertise of the other participants. The participants were regarded as the experts of their own lives (Anderson & Goolishian 1988) and they were respected for their views about their own lives and about the therapy process. Their preferred views were not less scientific (Gergen 1994) and it was precisely the personal knowledge of the participants that co-constituted the pastoral therapy and the therapeutic process as such.

5.2 DIE GEBRUIK VAN DIE BYBEL AS TERAPEUTIESE HULPMIDDEL

Wat die gebruik van die Bybel betref as terapeutiese hulpmiddel in 'n narratiewe benadering, stem ek weereens saam met Botha (1998:343):

[I]f a reader of the Bible values and reads the biblical stories as stories, he/she thereby becomes involved in a creative process in which the biblical story invites the reader to participate in a co-construction of a new and alternative self-narrative and a 'new' construct of theology (Brueggemann 1993:12-25, 68-69; Furet & Vossen 1991:123). Hence, the viewing of the Bible as 'a collection of stories' is appropriate to postmodernistic epistemology. This particular view of the Bible complies with a narrative approach in pastoral therapy....

Die sentrale doel van pastorale terapie in hierdie hoofstuk is dus om in gesprek te gaan met kliënte se diskoerse in die lig van God se storie in Efesiërs 5:21-33 soos dit in hoofstuk 3 geïnterpreteer word.

Dit is belangrik dat die pastorale terapeut sensitief moet bly vir sekere etiese kwessies soos byvoorbeeld:

- Die pastorale terapeut se eie siening van wat die ideale man-vrou-verhouding in die huwelik is
- Die pastorale terapeut se eie fases van geestelike ontwikkeling en selfontwikkeling.
- Die pastorale terapeut moet bewus wees daarvan dat metafore voortdurend ontwikkel en nuwe metafore skep.
- Die pastorale terapeut moet bewus wees van die gevaar dat metafore verhef kan word tot 'n ideologie.

5.3 DIE TERAPEUTIESE PROSES SAAM MET JAN EN PETRO

Die terapeutiese proses soos dit met die egpaar hanteer is word vervolgens weergegee. Ek het in hoofstuk 1 (punt 1.7.1) Jan en Petro reeds vlugtig voorgestel.

5.3.1 Sessie 1

In my eerste ontmoeting met elke persoon afsonderlik het ek byna net die rol vervul van luisteraar. Ek het slegs hier en daar vrae gevra om sekere onduidelikhede op te klaar. Elke individu het dus die geleentheid gehad om sy/haar verhaal te vertel soos hy/sy dit verkies. Van elkeen se storie word daar slegs 'n kort samevatting gegee.

5.3.1.1 Jan se storie:

Jan het grootgeword op 'n plaas. Hy is een van drie kinders en het 'n "ousus en jonger broer". Sy pa was 'n boer en sy ma 'n huisvrou. Sy ma is 'n sagte mens wat nie baie gepraat het nie. Sy was voortdurend besig met haar huistake en kinders grootmaak. Jan se pa is 'n baie "befoeterde" mens wat "baas was in die huis". Afgesien van 'n geweldige humeur wat hy "sommer net so" kon verloor, het hy maklik 'n paar weke kwaad gebly "vir die geringste ding". Wanneer hy kwaad was vir iemand het hy soms vir maande glad nie met die persoon gepraat nie. Hy was volgens homself nooit verkeerd nie en het "niemand om verskoning gevra nie".

Jan se pa was 'n "harde man". Volgens Jan was hy 'n "slawedrywer". As iets nie na sy sin was nie, het hy maklik " 'n paar klappe uitgedeel". Jan moes van kleins af hard werk op die plaas en daar was nie tyd vir jonkwees nie. "Elke dag moes ons net werk, werk, werk." Omdat Jan die oudste seun was moes hy altyd "die *punch* vat". Jan het nooit gesien dat sy pa "sy hande gelig het" vir sy ma nie, maar hy was "baie hard op haar". Hy kan onthou dat sy pa sy ma baie "met woorde verniel het". Niemand kon regtig in sy pa se oë iets reg doen nie en gevolglik was hy altyd besig "om te raas en te skreeu".

Nadat Jan en Petro getroud is het hulle op die plaas by sy ouers gewoon en Jan het vir sy pa geboer. Jan het 12 jaar vir sy pa geboer sonder 'n salaris. Hy het slegs 'n jaarlikse bonus gekry. Verder het hulle "van die plaas af geleef". Dit was moeilike jare want "my pa het my steeds soos 'n kind behandel". Die meeste van die tyd het Jan "soos een van die plaasarbeiders gevoel". Dit was vir Jan baie vernederend

want hy is dikwels voor sy vrou uitgetrap en verskreeu. Jan sê sy pa het sy jonger broer altyd voorgetrek. Volgens Jan het sy broer met moord weggekom.

Toe Jan 30 jaar oud was het sy pa vir hom 'n deel van die plaas gegee waarop hy kon boer. Jan en Petro het toe in 'n ou plaashuis ingetrek wat op die stuk grond was. So het hulle uiteindelik vir die eerste maal hul eie lewe gehad.

Jan is 'n harde werker en sy boerdery het van krag tot krag gegaan. Vandag is hy “skatryk” en saam met sy twee seuns bedryf hulle 'n baie groot en suksesvolle boerdery.

Volgens Jan is dinge tussen hom en sy seuns “nie heeltemal lekker nie”. Jan meen hulle het te veel idees en “wil te veel hulle eie kop volg”. Hy dink sy seuns word te maklik groot en hulle waardeer nie alles wat hulle het nie.

Jan glo sy huwelikslewe is “nie te sleg nie”. As hy na ander mense kyk het hulle “baie om voor dankbaar te wees”. Jan dink sy vrou is bederf en is dikwels net “met opset moeilik”. Hy voel baie sleg omdat hy sy humeur verloor en haar geslaan het maar hy voel “sy tart hom uit”. “Sy wil nie hoor nie.” Volgens Jan gee hy vir haar “als wat sy wil hê”. Sy het drie bediendes in die huis en hoef amper nie eers 'n vinger te verroer nie. Al wat hy van haar verwag is “om te sorg dat dinge reg loop in die huis”. Jan glo sy vrou daag sy gesag uit want soms moet hy vir haar dinge oor en oor sê en dan doen sy dit steeds nie. Hy dink partykeer sy is “plain common dom of moedswillig”. Jan erken dat hy 'n probleem het met sy humeur. Hy voel egter mense dryf hom tot by 'n punt waar hy “beheer verloor”.

Volgens Jan het hy met die laaste “insident” dit net “heeltemal verloor”. Hy het vir Petro “al hoeveel keer gesê om te sorg dat daar plastieksakke en vadoeke in die slaghuis moet wees” sodat hulle nie moet rondskarrel as hulle vleis wil bewerk nie “Maar sy luister net nie. Sy vee haar eenvoudig aan my af.”

Toe hulle die betrokke Saterdag wou vleis bewerk, “was die goed (plastieksakke en vadoeke) weer nie genoeg nie en daar was ook nie skoon glase waaruit die mense kon drink nie”. Volgens Jan was hy woedend. Al wat hy van Petro vra is

“om te sorg dat die goed voor die tyd reg is”. Toe hy haar daarvoor “aanvat” het sy aanhou “teëpraat” en toe hy weer sien “lê Petro op die grond”. Jan sê hy “kon nie eers onthou wat gebeur het nie”.

5.3.1.2 Petro se storie:

Sy het ook op ’n plaas grootgeword. Haar ouers was “doodgewone mense”. Sy was die jongste van twee kinders en het ’n jonger broer. Petro se ma was ’n huisvrou en sy en haar ma was maar altyd in die huis doenig. Behalwe dat dit maar “’n bietjie alleen was op die plaas” was haar kinderjare redelik gelukkig. Volgens Petro was sy ’n skaam mens.

Petro beskryf haar ouers se verhouding as gelukkig. “Hulle het hulle *ups* en *downs* gehad” maar sover sy weet was daar nie ernstige probleme nie. Volgens haar is haar ma maar ’n stil mens “wat haar plek geken het”. Sy was ’n “prim en proper” vrou. Haar pa was partykeer “’n regte korrekte wat nogal kon *moan* as dinge nie na sy sin verloop het nie”. Na ’n “dag of twee was hy egter maar weer okei”. Petro meen dat haar ma geweet het hoe om haar pa se “grille” te hanteer. Sy het hom maar “gelos tot hy weer afgekoel het”. Albei ouers was “baie godsdienstige mense en baie getroue kerkgangers”.

Jan en Petro het mekaar op skool al geken maar was nooit regtig meer as vriende nie. Hulle het eintlik eers ná skool in mekaar begin belangstel. Petro beskryf hul huwelik as “seker maar okei”. “Solank iemand net nie vir Jan kwaad maak nie, gaan dit redelik.” Dinge het in die laaste twee jaar egter versleg. “Hy word deesdae baie maklik kwaad.” Petro sê sy doen haar bes om te sorg dat alles reg is by die huis, maar Jan soek totdat hy fout kry en “dan is die herrie los”.

Volgens Petro is Jan in die laaste tyd partykeer “baie lelik met haar”. As hy eers kwaad is “help dit nie jy probeer met hom redeneer nie”. Dit maak hom net erger. As Petro egter stilbly dan beskuldig hy haar weer dat sy “dikbek” is. Petro het altyd stilgebly as Jan so raak “maar sy het nou ook al genoeg gehad”. Sy voel Jan behandel haar asof sy ’n kind is en in die laaste paar maande praat hy met die

huisbediendes beter as met haar. Sy dink Jan het 'n “geweldig probleem met sy humeur”. Hy raak blind as hy kwaad word.”

Sy dink ook hy behandel die seuns nie reg nie. “Hy is heeltemal te hard op hulle.” Die seuns kom altyd met haar praat as hulle pa weer “uitgehak” het en “Jan kan dit nie vat nie”. Petro meen die seuns se lewe gaan by hulle verby. Hulle het nie tyd om die lewe te geniet nie want hulle werk van voor die son opkom tot saans laat.

Petro wonder partykeer of Jan haar ooit liefhet. Hy sê nooit hy is lief vir haar nie en hy is alewig besig om haar te kritiseer en af te breek. In die laaste tyd praat hulle nie baie met mekaar nie. Jan kom saans moeg huis toe en “dan sit hy in sy stoel tot hy aan die slaap raak”. Sy gaan maar alleen kamer toe. Al wat deesdae vir haar regtig lekker is, is om elke Vrydag alleen dorp toe te gaan. Dan doen sy inkopies, kuier by vriendinne, laat doen haar hare en “spandeer Jan se geld”.

Petro is ook bekommerd omdat hulle nie meer kerk toe gaan nie. Sy het 'n goeie verhouding met die Here maar Jan is kwaad vir die predikant en “hy sal nooit weer sy voete in die kerk sit nie”. Sy mis nogal Sondag se kerk toe gaan. Jan bid nie meer nie en sy sien hom nooit Bybel lees nie.

Na die eerste sessie met elkeen afsonderlik was dit my afleiding dat die persepsie tog by albei bestaan dat 'n vrou se taak by die huis is en dat sy dinge moet reghou vir die man. Jan is duidelik van mening dat hy gesag het oor sy vrou en dat sy na hom moet luister omdat hy die man is. Die hele diskoers van humeur en die swak hantering daarvan kom ook telkens voor in albei se storie.

5.3.2 Sessie 2: Refleksie op sessie 1

Om seker te maak dat ek hulle reg verstaan, het ons tydens die tweede sessie aandag gegee aan hul persepsie van die man-en-vrou-verhouding in hul huwelik. Ek het aan hulle refleksiewe vrae gevra om seker te maak hoe hulle die huweliksverhouding beskou.

Terapeut: In my gesprek met elkeen van julle het julle 'n klomp dinge gesê oor julle en julle ouers se huweliksverhoudings. Hoe sien julle die verhouding tussen 'n man en vrou in die huwelik? Wat sê julle moet 'n man en vrou se rolle wees?

Jan: Ek dink die man se werk is om vir sy huis te sorg. Hy bring die geld in.

Petro: Ek glo nie hy moet net geld inbring nie, hy moet ook emosioneel en geestelik na hulle kyk.

Jan: Maar sy hoofsaak is om vir sy huis te sorg.

Terapeut: Wat is die vrou se taak?

Jan: Sy moet sorg dat als by die huis reg loop. Sy moet huishou en my ondersteun.

Petro: Hoe bedoel jy moet ek jou ondersteun?

Jan: Jy sorg dat als by die huis reg is sodat ek my werk kan doen en nie nog daarvoor hoef te *worry* nie.

Petro: Ja maar jy moet my ook ondersteun.

Jan: Natuurlik doen ek dit. Ek betaal drie bediendes se salaris sodat hulle jou kan help. Jy het amper nie nodig om iets te doen nie. Jy moet net sorg dat hulle hul werk doen. Dis al wat ek vra.

Terapeut: Hoe het dit gekom dat julle besluit het wat elkeen se rol is?

Jan: Hoe bedoel jy?

Terapeut: Wat het gemaak dat jy byvoorbeeld besluit het jou werk is om te sorg en geld in te bring en Petro se werk is by die huis?

Jan: Dis mos maar hoe dit is. Ons het so grootgeword.

Petro: Ek het maar by my ma geleer wat om te doen.

Terapeut: Dink julle die Bybel sê iets hieroor?

Jan: As ek die Bybel reg verstaan is die man die hoof. Hy moet vir sy huis sorg, hy moet hulle beskerm en hy neem die besluite. Hy moet leiding neem.

Petro: Maar dit beteken nie hy kan maak soos hy wil nie.

Terapeut: Kan die vrou besluite neem?

Jan: By die huis kan sy maak wat sy wil maar die man besluit oor die goed wat die gesin raak. Dit is sy werk.

Terapeut: En as Petro nie met jou besluit saamstem nie?

Jan: Dan moet sy my besluit aanvaar. Die Bybel sê so. 'n Man dra die broek in die huis. Hy weet mos wat is goed vir sy huis. Hy gaan mos nou nie onnosel besluite neem nie.

Petro: Ek stem saam maar onthou net 'n man kan ook foute maak.

Jan: Wel tot dusver het ek nie vrot gevaar nie.

Terapeut: Wie is die gesagsdraer in die huis?

Jan: Die man want hy is oor sy vrou aangestel as hoof.

Terapeut: Hoekom sê jy so?

Jan: Want Adam was eerste en die Bybel sê 'n man sal oor sy vrou heers. Sy is 'n helper.

Terapeut: Petro, hoe voel jy daarvoor?

Petro: Dit staan seker in die Bybel, maar die man kan nie met sy vrou maak wat hy wil nie.

Terapeut: Wat bedoel jy?

Petro: Hy moet mooi met haar werk, hy kan haar nie verinneweer nie.

Jan: Jaaa, oraaait vrou! Ek het mos al gesê ek is jammer.

Op hierdie punt het ek besluit dat die siening wat hulle oor die huwelik het redelik duidelik gemaak is en dat ek hulle reg gehoor het tydens die eerste sessie. Ek het doelbewus besluit om nie nou al die aandag te gee aan probleme wat hulle geopper het nie (bv. geweld) en wel oor die volgende redes:

- Ek wou nie oor geweld praat voordat ons nie oor die man se liefde gepraat het in die lig van die Bybel nie.
- Ek wou graag dat Jan eers sy eie optrede meet aan God se storie eerder as dat ek hom probeer oortuig dat sy optrede verkeerd is. Hy het in elk geval reeds erken dat hy verkeerd is.
- Verder glo ek dat as Jan self tot die gevolgtrekking kom dat sy hoofsaak eintlik is om sy vrou lief te hê soos Christus, sal hy beter in staat wees om sy humeur en die geweld te meet aan God se opdrag om sy vrou lief te hê soos Christus die gemeente liefhet.
- Ek glo as terapeut dat die Heilige Gees eintlik al een is wat mense werklik in hul hart oortuig van wat reg en verkeerd is.

- Jan se swak hantering van sy humeur is eerder 'n simptoom van die hoofprobleem, naamlik sy siening van sy rol as man en van sy vrou as ondergeskikte/mindere. Dit sal na my mening beter wees om die probleem eerste te hanteer en daarna die simptoom.

5.3.3 Sessie 3: Die Bybel as hulpmiddel

Ná sessie 2 het ek aan albei gevra of dit vir hulle belangrik is om te weet wat die Bybel sê oor man en vrou se rol/taak in die huwelik. Ek het gevra of hulle sou omgee om self te gaan kyk wat die Bybel sê oor die man en vrou se verhouding in die huwelik. Hulle het albei gesê dis goed so. Ek het aan albei genoem dat Efesiërs 5 na my mening redelik duidelik is oor hoe 'n christen se huweliksverhouding moet lyk en voorgestel dat ek aan hulle 'n klompie vrae gee oor Efesiërs 5:21-33, wat hulle dan op hul eie tyd moet gaan deurwerk. Ons sou dan met die volgende sessie oor hul antwoorde praat. Hulle was tevrede met die voorstel.

Die rede waarom ek aan hulle die vrae gegee het was om hulle te begelei om na alle aspekte van die metafoor te kyk. Die vrae is só gevra dat hulle vry was om hulle eie opinie te gee. Ek wou ook hê hulle moet self besig wees met die Bybel en self daarvoor mediteer sonder dat ek hulle lei of beïnvloed. Die vrae is so gestel dat dit op enige manier beantwoord kan word. Die vrae veronderstel dus geen spesifieke antwoord nie.

Dit is belangrik dat die vrae opgestel word soos hierbo verduidelik. Die terapeut moet nie na 'n spesifieke antwoord soek deur die vrae wat gevra word nie. Vrae moet eenvoudig en neutraal wees. Anders gebeur dit dat die terapeut hul storie manipuleer en dus entlik sy eie storie skep.

Die volgende vrae is op skrif aan elkeen van hulle gegee met genoeg spasie tussen elke vraag sodat hulle sommer op die vraelys kon antwoord:

Opdrag A:

Lees Efesiërs 5:21-33 aandagtig deur en beantwoord die volgende vrae so eerlik en volledig as moontlik:

- Vraag 1: Wie moet aan wie onderdanig wees volgens vers 21?
- Vraag 2: Hoekom moet hulle onderdanig wees volgens vers 21?
- Vraag 3: Waarmee word die vrou se onderdanigheid vergelyk in vers 22 en vers 24?
- Vraag 4: Hoe is die kerk aan Christus onderdanig en wat behels dit alles?
- Vraag 5: Is dit vir die kerk nadelig/voordelig om aan Christus onderdanig te wees? Verduidelik hoekom jy so sê
- Vraag 6: Is dit vir die kerk vernederend om aan Christus onderdanig te wees? Hoekom sê jy so?
- Vraag 7: Waarmee word die man se hoofskap vergelyk in vers 23 en vers 24?
- Vraag 8: Hoe het dit gebeur dat Christus hoof van die kerk geword het? Wat moes Hy eers doen? Lees Filippense 2:5-11.
- Vraag 9: As die man hoof wil wees soos Jesus, wat moet hy volgens Filippense 2:5 doen?
- Vraag 10: Dink jy Efesiërs 5:21 sê dieselfde as vers 25 en Filippense 2:5-8?
- Vraag 11: Dink jy die kerk sou aan Christus onderdanig wees as Hy nie sy lewe vir die kerk opgeoffer het nie?
- Vraag 12: Hoe het Christus die kerk lief?
- Vraag 13: Wat doen Christus se liefde aan die kerk volgens verse 25 en 27?
- Vraag 14: Hoe moet die man sy vrou liefhê volgens Efesiërs 5:28 en 29?
- Vraag 15: As die man sy vrou so liefhet soos Christus die kerk liefhet, hoe sal hy sy vrou behandel?
- Vraag 16: Hoe voel jy oor die volgende stellings en hoekom sê jy so?
- a) Die man is verantwoordelik vir die liefde in die huwelik.
 - b) As die man sy vrou in liefde dien sal sy hom kan erken as hoof.
 - c) Efesiërs 5 praat nie van rangorde, gesag of leierskap nie maar van liefde, diens en oorgawe aan mekaar.
 - d) Die man se hoofskap is verdiende hoofskap en nie 'n gegewe hoofskap nie
 - e) Die liefde soek nie sy eie belang nie
 - f) Liefde doen die naaste geen kwaad nie
 - g) Liefde gee alles, versorg, maak heel en maak mooi

- h) Om onderdanig te wees aan Christus beteken om jouself oor te gee aan Christus se liefde.
- h) Die liefde is nie opgeblase nie
- i) Die liefde is nie bly oor die onreg nie
- j) Die liefde handel nie onwelvoeglik nie
- i) Die kerk reageer op Christus se liefde met wederliefde.
- j) Man en vrou moet aan mekaar onderdanig wees.
- k) Man en vrou moet mekaar liefhê.
- l) Man en vrou is gelyk in God se oë.

- Opdrag B:** 1) Man, vergelyk nou jou liefde vir jou vrou met Christus se liefde vir die kerk volgens Efesiërs 5:21-33.
- 2) Vrou, vergelyk jou oorgawe aan Christus se liefde met jou oorgawe aan jou man se liefde volgens Efesiërs 5:21-33.

Vraag 1: Moet jy aanpassings maak om jou rol/taak te vervul soos Efesiërs 5 sê?

Watter aanpassings moet jy maak?

Wil jy die aanpassings maak?

Kan jy die aanpassings maak?

Vraag 2: Hoekom moet ons volgens vers 21 aanpassings maak?

Na ses dae het Jan gebel en gevra of ons die afspraak kan uitstel want “hy sukkel ’n bietjie” met party van die vrae. Ek wou weet of die vrae onduidelik of moeilik is. Jan het net gesê: “Nee ek verstaan die vrae maar ek het dinkwerk om te doen.”

5.3.4 Sessie 4

Toe Jan en Petro my na ’n week kom sien, het ek aan elkeen gevra hoe hulle dit ervaar het om die vrae te beantwoord. Petro het gesê Jan moet eerste praat maar Jan het daarop aangedring dat sy eerste praat. Volgens Petro was dit “nogal interessant”. Sy het, volgens haar, ’n paar goed geleer wat sy nie “voorheen beseft het nie”. Ek wou by haar weet wat sy “geleer” het.

Petro: Wel, ek het nou eers verstaan dat 'n man ook aan 'n vrou onderdanig moet wees, dit is nou as ek dit reg verstaan.

Terapeut: Jan, hoe het jy dit verstaan?

Jan: Wel, ek is 'n bietjie “gefloer”.

Terapeut: Hoe bedoel jy “gefloer”?

Jan: Jy smokkel met my kop.

Terapeut: Ek wil regtig graag hoor hoe jy dit beleef het.

Jan: Dit was nie vir my maklik nie. Ek verstaan nie hoekom dit elders in die Bybel anders gesê word nie.

Terapeut: Kan jy aan 'n voorbeeld dink waar dit anders gesê word?

Jan: In Genesis staan daar 'n man sal oor sy vrou heers en hier staan hulle moet aan mekaar onderdanig wees. Watter een moet ek nou glo?

Terapeut: Watter een dink jy moet jy glo?

Jan: Ek weet nie – jy's die predikant.

Terapeut: As jy wil weet wat ek dink kan ek jou sê hoe ek dit verstaan.

Terapeut: Kom ons kyk net eers na die vrae. Ek wil nogal graag weet hoe julle dit sien.

Jan: Ek wil eers hê jy moet vir my sê of dit 'n teenstrydigheid is.

Terapeut: Ek sal jou my interpretasie gee.

Genesis 3 is 'n vloek wat oor die mens uitgespreek is na die sondeval. Voor die sondeval lees ons dat God hulle as gelykes geskape het. Jesus het alles kom regmaak wat met die sondeval verkeerd gegaan het. Ek sien dit dus so, dat man en vrou in Christus gelykes is soos God dit reg aan die begin bedoel het. (Ek het toe Efesiërs 3:9-11 gelees om te belig wat ek bedoel.)

Jan: Dit maak “sense”.

Terapeut: Vertel vir my hoe julle jul verhouding nou sien nadat julle na Efesiërs 5 gekyk het. Dink julle nog dieselfde?

Hierna het ons een vir een deur die vrae gewerk en hulle antwoorde bespreek. Dit sal te lank neem om op elke antwoord in detail in te gaan. Vir die doeleindes van hierdie studie vat ek kortliks saam wat elkeen gesê het.

Jan het na my mening die grootste skuif gemaak in sy opvatting oor die rol wat hy as man in sy huwelik moet vervul. Hy het reguit erken dat dit vir hom moeilik was. Hy het ook genoem dat hy nie geweet het “die dinge” staan in die Bybel nie. Jan het weereens gemeld dat dit vir hom moeilik was om die vrae eerlik te beantwoord, aangesien hy dan eintlik volgens hom alles wat hy nog altyd vas geglo het, moet verwerp. Sy presiese woorde was: “Dit haal die grond so ’n bietjie onder my voete uit.”

Ek wou by Jan weet hoe hy as man nou voel nadat hy eerlik na homself in die lig van die gedeelte in die Bybel gaan kyk het. Sy antwoord was dat hy aan die een kant nou effens onseker voel oor wat hy nou moet doen en aan die ander kant redelik skuldig voel oor die manier wat hy sy vrou behandel het. Ek het aan hom gevra waarom hy onseker en skuldig voel.

Jan: “Ek voel onseker omdat alles wat ek tot dusver geglo het en
gedoen het nie reg was nie. Ek leef al vir jare so en aanvaar dit al
vir jare as vanselfsprekend en nou skielik moet ek dit alles verander.”

Terapeut: “Hoekom sê jy dat jy dit moet verander?”

Jan: “Wel ek sal moet, want ek sien nou wat die Bybel daarvoor sê.
Ek weet nie mooi of ek dit sal kan doen nie.”

Ek het aan Jan verduidelik dat dit wat hy nou beleef eintlik normaal is aangesien dit juis God se doel met die Bybel is om ons te help om onself te meet aan sy Woord. Elke mens voel onseker as hy aanpassings moet maak. Ek het aan hom genoem dat dit baie grootmoedig van hom is om te erken dat sy optrede verkeerd is. Ek het hom ook die versekering gegee dat ons saam sal werk om die dinge te help verander wat hy in opdrag B besluit het.

Petro was meer opgewonde oor die hele oefening aansien dit haar “baie beter laat voel” oor haarself. Sy het genoem dat sy nou vir die eerste keer verstaan waar sy “in die prentjie inpas”. Sy was ook kwaad omdat niemand dit nog ooit aan hulle reg verduidelik het nie. Sy wou ook weet hoekom die dominees nie meer oor “die goed” preek nie. Volgens haar is daar baie mense wat met dieselfde probleme sit en “almal glo maar dit is reg so”.

Ek het aan albei genoem dat dit eintlik hulself is wat nou besluit het om dinge anders te verstaan. Hulle het self na die vrae gekyk en hul eie gevolgtrekkings gemaak. Petro het egter dadelik bygevoeg dat niemand nog ooit aan hulle die soort vrae gevra het nie. “As ons die soort vrae moes beantwoord voor ons getroud is, sou dit met ons baie beter gegaan het.”

Ons het in die res van hierdie sessie baie tyd spandeer aan die antwoorde wat hulle op die vrae gegee het en hoe hulle nou voel oor hul eie huwelik in die lig van hul antwoorde in opdrag A en B. Ons het veral ook stilgestaan by opdrag B en die aanpassings wat elkeen gekies het om te maak aan hul eie rol in die huwelik. Ons het hier slegs gesels oor hul antwoorde en hoekom hulle op die betrokke aanpassings besluit het.

Ek wou van albei weet of hulle gemaklik is met hoe hulle die verhouding tussen man en vrou nou verstaan in die lig van Efesiërs 5. Albei was oortuig dat hulle dit nou verstaan en dat hulle tevrede is met hul interpretasie soos dit in hul antwoorde na vore gekom het.

Hierna het ons ooreengekom om by die volgende sessie te gesels oor die pad vorentoe. Ons het saam besluit dat ons dan die verdere verloop van die terapeutiese proses sal beplan en ook die sake sal identifiseer waaraan hulle aandag wil gee.

5.3.5 Sessie 5

Ek wou van albei weet hoe dit gaan en hoe hulle voel oor die verloop van die proses tot dusver. Albei was gelukkig met die verloop van die proses. Hierna het ek aan hulle gevra waar hulle graag met die hele proses sal wil eindig en hoe hulle wil hê dat hulle verhouding moet lyk wanneer ons klaar is.

Petro wou graag verhouding hê waarin sy gerespekteer word en waar sy waardering ontvang vir wat sy doen. Sy wil graag aanvaar word soos sy is. Sy wil ook baie graag 'n verhouding hê sonder geweld waarin sy hoor en sien dat Jan

haar liefhet. Sy wil ook hê dat hulle meer openlik met mekaar moet praat oor dinge wat pla in hul verhouding. Petro wil ook hê dat hulle as gesin meer dinge saam moet doen en dat hulle weer saam kerk toe moet gaan.

Ek wou van Jan weet hoe hy voel oor dit wat Petro graag wil hê. Jan het gevoel dit is “billik” maar bygevoeg dat dit “nie oornag gaan gebeur nie”. Jan het ook genoem dat hy besef dat dit harde werk gaan kos. Ek het hom die versekering gegee dat ek saam met hulle die pad sal loop en sal help waar ek kan. Ek wou ook van Jan weet hoe hy graag hul verhouding wil hê. Hy was tevrede met dit wat Petro gesê het. Hy wil egter hê ook nog hê dat sy hom as man sal respekteer en dat sy al die dinge wat hy vir haar en die kinders doen moet waardeer. Hy wil ook hê dat sy meer moet belangstel in die boerdery en dit wat op die plaas aangaan. Petro het gevoel dit is billik.

Hierna het ons gesels oor die sake waaraan ons moet aandag gee ten einde te bereik wat hulle graag wou hê. Hulle het voorlopig op die volgende sake besluit:

- Jan se humeur en die geweld
- Kommunikasie tussen die gesinslede
- Hoe hulle meer betrokke kan wees by wat elkeen doen
- Hulle verhouding met die Here en hoe hulle dit gaan uitleef
- Hul seksuele verhouding
- Jan se verhouding met die seuns

Ons het gekontrakteer om mekaar een maal ’n week te sien vir solank as wat hulle dit nodig vind. Die egpaar het albei teologiese skuiwe in hul denke gemaak. Dit beteken nie dat alles sommer so sal verander in die huwelik nie

Ek het onderneem om saam met die egpaar die pad te loop totdat hulle die nodige aanpassings gemaak het waarop hulle besluit het. Alhoewel dit buite die fokus van hierdie studie val was die plan om saam met hulle aandag te gee aan al die sake wat hulle geïdentifiseer het.

Dit was egter op hierdie stadium reeds vir my duidelik dat hierdie metafoor, soos ek dit interpreteer en verantwoord in hoofstuk 3, werklik 'n bruikbare hulpmiddel is in huweliksterapie. Dit is egter uiters belangrik dat die vrae wat gevra word neutrale of oop vrae moet wees. Egpare moet toegelaat word om hul eie interpretasie te gee aan die metafoor. Egpare sal moeilik keuses uitoefen wanneer hulle onder druk verkeer om sekere interpretasie te aanvaar. Hoewel die vrae só opgestel is dat die egpaar die egalitêre interpretasie moet oordink, is hulle egter vry om dit op hul eie manier te interpreteer indien hulle so voel.

Ek gebruik al 'n geruime tyd hierdie interpretasie as hulpmiddel soos wat dit in hierdie hoofstuk beskryf is. Dit gebeur selde dat egpare nie daarmee gemaklik is nie. By verre die meerderheid egpare kies vanself vir dieselfde interpretasie aan die hand van opdrag A en B. Die enkele persone wat nie gemaklik was daarmee nie het wel dieselfde interpretasie gehad as ons, maar het nie kans gesien om die nodige aanpassings in hul verhouding te maak nie. Met die uitsondering van een was almal mans. Slegs een vrou wou “ter wille van die vrede” dinge liever los soos dit is (sien aanhangsel A vir die redes waarom sy so gekies het).

Dit is my gevolgtrekking dat mense wat stereotipe patriargale beskouings het oor die huwelik en hulle op die Bybel beroep wel op verantwoordelike en eties aanvaarbare wyse aan die egalitêre interpretasie blootgestel kan word. Ek is verder meer as ooit tevore daarvan oortuig dat hierdie interpretasie dit vir hierdie egpare moontlik maak om hul huweliksverhouding nuut en anders te verstaan. Die werkswyse wat gevolg word respekteer ook die kliënt se eie beskouings en keuses. Nogtans beskou ek hierdie interpretasie en werkswyse nie as die enigste manier om hierdie egpare te help in terapie nie.

Dit is egter 'n baie bruikbare hulpmiddel vir egpare wat sukkel met stereotipe, patriargale huweliksbeskouings. Egpare kan op hierdie manier gemaklik begelei word om hul verhouding te evalueer in die lig van God se Woord. Dit gee aan hulle die geleentheid om op 'n verantwoordelike wyse self te besluit oor hul opvattinge in verband met hul huwelik. Verder gee hierdie werkswyse aan man en vrou ewe veel sê regdeur die terapeutiese proses. Dit maak dit ook moontlik vir die egpaar om self te besluit watter aanpassings hulle wil maak. Die egpaar bly die

“eksperts” wat self ’n nuwe huwelikstorie skryf soos hulle dit verkies. Ek as terapeut het slegs nodig om hulle te begelei in die hele proses. Ek hoef op geen manier my interpretasie op hulle af te dwing nie.

Die belangrikste van alles is miskien die feit dat egpare langs hierdie weg op ’n gemaklike manier skadelike beskouings kan dekonstrueer en nuwe keuses kan maak wat kan lei na ’n beter etiese uitkoms vir albei, groter gelykheid en selfvervulling in die huwelik.